
DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 29: 11 September 2026



Belangrike inligting:

Datums	Bl. 3
McDonalds Onnieaand	Bl. 8
Speletjiesdag	Bl. 9



Uit die kantoor

- Die graad 6 dogters het verlede Vrydag van die buitelugskool by Imla, in Clocolan teruggekeer. Die dogters het dit ongelooflik geniet. Baie dankie aan mev. Jacolene Calitz, mev. Mariska Erasmus en me. Liche van der Vyver wat ons dogters vergesel het en so mooi na hulle omgesien het. Kyk op bladsy 6 na al die avonture wat hulle beleef het.
- Baie geluk aan die dogters wat mooi presteer het tydens die Suid-Afrikaanse landloopkampioenskap. Uitslae op bladsy 4.
- Die o. 12A- en o.13A- hokkiespanne speel vanmiddag teen Fichardtpark Primêr in die hokkie semifinaal. Baie sterkte!
- Baie sterkte aan ons dogters wat volgende Dinsdag aan die Suid-Vrystaat tweekampproewe gaan deelneem.

BELANGRIK

11 September: English week
Hokkieliga: Semifinaal
Gr. 2 Koekverkoping
Toetsweek

12 September: Hokkieliga: Finaal

13 September: Tannie Marita verjaar

14 September: Toetsweek

15 September: Voedselprojek Gr. 3B
Toetsweek
Tweekamp: SVS-proewe

16 September: Jaarbladfoto's
McDonalds Onnieaand: 17:30 - 19:30

17 September: Juf. Suzette verjaar (middagstudie)
Voedselprojek Gr. 3C
Musiek: Pousekonsert IF

18 September: Beloningsdag: Gewone klere
Hokkie: SFS o. 12 Proewe

19 September: Hokkie: SFS o. 12 Proewe
Gr. 3 Mini-tennis: Eendjie-beker toernooi

20 September: Juf. Cecilia verjaar (Preprimêr)

21 September: Kultuurdag

22 September: Voedselprojek Gr. 2A

Hokkie

Ligawedstryde: Maandag, 7 September:

Ouderdom	OMS	Eunice
o.12A	3	2
o.13A	3	0















Ligawedstryde: Dinsdag, 8 September:

Ouderdom	OMS	FHP
o.13A	3	1

Landloop

Baie geluk aan ons Oranje Eendjies wat op 5 September aan die Suid-Afrikanse Landloopkampioenskap in Pretoria deelgeneem en soos volg presteer het:

Mienke Fouché	Dogters 8 jaar	48ste
Mailey Becker	Dogters 8 jaar	87ste
Aila Cilliers	Dogters 9 jaar	21ste
Lenike van den Berg	Dogters 10 jaar	31ste
Naomi Malan	Dogters 10 jaar	93ste
Elmaré Naudé	Dogters 11 jaar	3de
Lea Cilliers	Dogters 12 jaar	43ste
Z'ney Piechaczek	Dogters 12 jaar	62ste

Sport

Algemeen

Kunswedstryd

Baie geluk aan die volgende leerlinge wie se kunswerke gekies is vir die 2027 Santam aanlyn uitstalling. Hulle is deel van die 280 finaliste:

~ June Van Rooyen
~ Emma Olivier
~ Karla van Rooyen
~ Ruby Schutte
~ Maya Pienaar
~ Antoinette van Schalkwyk

Gholf

Suzaan Oertel is deur die Vrystaatse Gholf Unie gekies om by die Hoopstad Gholfklub op 23 en 24 September te speel tydens die "Free State Junior Girls Matchplay Invitational".

Swem

Die volgende dogters het 4 en 5 September 2026 aan die "Bull Sharks Annual Gala" by die Universiteit van die Vrystaat deelgeneem en het die volgende plekke behaal.

Leah Ranft:	Dogters onder 8 jaar	50m borslag	2de
	Dogters onder 8 jaar	50m rugslag	2de
	Dogters onder 8 jaar	50m vryslag	3de
Kailah Nel:	Dogters onder 13 jaar	50m vryslag	1ste
	Dogters onder 13 jaar	100m vryslag	2de
	Dogters onder 14 jaar	800m vryslag	2de
Emma Relling:	Dogters onder 10 jaar	50m vlinderslag	2de
	Dogters onder 10 jaar	100m rugslag	2de
	Dogters onder 10 jaar	200m borsslag	1ste
	Dogters onder 10 jaar	50m rugslag	2de
	Dogters onder 10 jaar	100m vryslag	3de
	Dogters onder 10 jaar	50m borsslag	1ste
	Dogters onder 10 jaar	50m vryslag	2de

Tennis

Numeri Naudé het op 5 September aan die Rainbow Kids Tennis-toernooi deelgneeem en 'n 3de plek behaal.



Vanaf 1 tot 4 September het ons Graad 6-dogters Imla Gasteplaas buite Clocolan besoek vir 'n paar dae vol avontuur, uitdagings, lag en onvergeetlike herinneringe!
Van boeresport en 'n potjiekoskompetisie tot die hindernisbaan, 'n avontuur by die waterval en 'n strawwe bergklimsessie. Daar was beslis nie tyd vir verveling nie!
Buitelugskool gaan oor soveel meer as net 'n paar dae weg van die skool. Dit gaan oor vriendskappe, groei, nuwe uitdagings en om buite jou gemaksone te tree.
Welgedaan, graad 6'e! Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle!












Koekverkoping

Die Graad 2's se koekverkoping was 'n absolute fees! Daar was letterlik iets van alles - van die heerlikste soethappies tot daardie lekker soutgoedjies wat 'n mens net nie kan weerstaan nie. Baie, baie dankie aan almal wat kom koop het, en natuurlik vir die ouers wat so vrygewig gebak, gebring en agter die tafels gehelp het. Julle is sterre!

























McDonald's
Onnieaand
Woensdag,
16 September
17:30 tot
19:30
McDonald's
Zastronstraat, Westdene
Kom ondersteun
Oranje en McDonald's,
en word bedien deur
jou gunsteling juffrou!
Maak seker om 'n foto vir jou
juffrou te stuur saam met
Tibbie of enige juffrou op dié
aand om jou paspoort stempel
te ontvang!
ASTRO
PASPOORT


Saam
Groei
Skitter!
ORANJE
VOORUIT
1907
Pret
Vriende
Speletjies
Oranje-gees!
LEERDERRAAD SE
SPELETJIESDAG
Vrydag, 18 September 2026
Alle speletjies kos
R2
Boerespeletjies
Balvaardighede
Raai-raai
En nog vele meer!
GF-dogters
Koop kaartjies: 09:00
Speel: 09:00 – 11:00
IF-dogters
Koop kaartjies: 09:30
Speel: 09:30 – 11:30
Die skool verdaag om 12:00!
RESPEK
VRIENDELIKHEID
VERANTWOORDELIKHEID
TROTS



Gedagte vir die week

Leef eerlik, leef vry

Wie opreg leef, leef sonder vrees; wie krom paaie loop, word uitgevind.
Spreuke 10:9

Net soos God die aarde vas en veilig gemaak het, wil Hy dat jou lewe
ook op ‘n vaste grondslag van eerlikheid rus.
‘n Leuentjie voel dalk maklik, maar dit bou ‘n las wat jy elke dag
moet onthou en saamdra.
Kies vandag om die waarheid te praat, al is dit ongemaklik -
dit gee jou vrede en maak jou vry.

Lief en leed

Ons dink aan Jüha Fourie en haar familie met die afsterwe van haar ouma.


Swem Afrigting
• Leer die verskillende swemslae
• Verbeter jou swemslag
• Berei voor vir kompetisies
• Sessies vind plaas by OMS swembad.
Kontak:
Lynette Fischer
+27 61 054 8388
lynette.fls@gmail.com
3 - 4 keer per week
Graad 1 - 7 dogters welkom

Sport



Met die My School kaart wat einde Junie verval het, moet almal nou nuut registreer op Woolworths se toepassing vir die MyDifference-kaart. As jy ons as jou amptelike liefdadigheidsorganisasie kies, ondersteun jy ons elke keer wanneer jy by Woolworths koop. Volg die onderstaande stappe om te registreer en Oranje Primêr as organisasie te kies:

1. Laai die Woolies-toepassing (app) af.
2. Volg die instruksies om by MyDifference aan te sluit.
3. **Kies "Causes"** en kies ons as jou organisasie. (Tik ons naam in die soekbalkie om ons vinnig te vind. Maak seker dat u C&N Primêre Meisieskool Oranje kies)

VERKIES JY 'N FISIESE KAART?

Vra gerus vir 'n MyDifference-kaart by die Woolies-toonbank. Koppel dit daarna aan jou toepassing op jou foon om al jou voordele te ontsluit en kies ons as jou gunsteling organisasie.